**Geleentheidswoord / Occasional speech**

# Die universiteit: sy aard en die rol van die intellektueel


A.L. Combrink
Kampusrektor
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: Annette.Combrink@nwu.ac.za


Die opening van die akademiese jaar hou altyd iets in van opgewondenheid oor die jaar wat voorlê, ’n gevoel van ’n nuwe begin, hopelik ’n sterk voorneme om hierdie jaar die mees produktiewe ooit te maak in terme van die bereiking van ’n mens se persoonlike ideale, en dies meer. Dit is ook ’n heuglike geleentheid vir die Universiteit en veral die kampus om waardering te kan betuig teenoor kollegas wat lang en lojale diens aan die Universiteit gelewer het. ’n Mens glo graag dat kollegas so lank in die diens van die Universiteit bly omdat dit vir hulle vervullend is, omdat hulle lekker werk – en nie omdat dit nou maar lekker gemaklik is om hier te werk en dit te veel moeite sou wees om te verskuif nie!

Ek wil graag vandag baie kortliks reflekteer oor die universiteit, sy aard, en die aard en rol van die mense wat binne die universiteit funksioneer. Dit is nie moontlik binne die bestek van hierdie geleentheid om omvattend hieroor te gesels nie, daarom wil ek, by wyse van merkers, die buitelyne skep van ’n projek wat ek graag in hierdie jaar, 2008, wil sien realiseer.

“The university” is the oldest human institution to have maintained its nature and essence reasonably intact since medieval times. The essential nature of the university is located within the context of the quest for and dissemination of knowledge. The engagement in this

activity has for centuries rested on the premise of a collegial engagement, an untrammelled venture into the realms of the mind.

In this context, Chris Brink, outgoing vice-chancellor of Stellenbosch University, has said more recently (2007) that "the business of the university, in brief, is the academic business. To be even more brief: it's about knowledge. Our business is the creation of knowledge, the dissemination of knowledge, the application of knowledge and the integration of knowledge" (Botha, 2007:99). Hierdie aktiwiteit vind plaas binne 'n sosiale konteks, want dit is gemik op die belang van die samelewing.

Gepaardgaande met die konsep van kennis is die hele kwessie van waarheid. Frank Furedi (2004:4) in 'n boek getiteld *Where have all the intellectuals gone*, maak die volgende opmerking:

> ... unfortunately, contemporary culture regards the truth as a subject worthy of fiction rather than of intellectual pursuit, ... the demotion of the status of the truth has had significant impact on contemporary cultural life.

As ons kyk na die werk van die universiteit, en ons reflekteer oor diegene wat dit doen, moet ons ook terugstaan. Die essensie van die universiteit is dat daar intellektuele arbeid verrig word deur intellektuele mense, en dit is juis in hierdie konteks wat dit lyk of "die intellektueel" as spesie verdwaal het. Furedi sê: "One of the most striking manifestations of the banalization of cultural life is the transformation of the intellectual into a uniquely insignificant figure", en dit word verder versterk deur die stelling dat:

> The university as an academic institution that is wholly devoted to the pursuit of knowledge[1] was always an ideal that was rarely realized in practice ... but at least this ideal enjoyed considerable rhetorical affirmation. ... Today even the rhetoric has evaporated and universities are represented as the means

1 Tydens die opening van die Universiteit in 2005, met my inhuldiging as kampusrektor, het ek die volgende gesê: "Ek het 'n passie vir die akademie (en die akademie is wat 'n universiteit bedryf) – vir onderrig en vir daardie aktiwiteit wat deur die mens se ondersoekende gees gedryf word – die navolging van die kennis-ideaal, kennis ter wille van kennis, ook kennis ter wille van die gebruik van kennis vir die groter goed. Ek het 'n droom vir die Universiteit – vir die Universiteit in die geheel maar dan veral vir die Potchefstroomse kampus. Ek het 'n droom waarin hierdie Universiteit in die eerste plek trots sal staan in die ry van Suid-Afrikaanse universiteite, met 'n unieke nis en karakter en onderrig en navorsing wat vir sigself sal spreek." Dit het nie verander nie.

> for achieving outcomes that have little to do with academic learning. (Furedi, 2004:165.)

Strong words indeed, and words that we need to take seriously when we reflect about the nature of what we (think) we do.

The intentional meaning of being an intellectual is to rise above the partial preoccupation of one's own profession – to engage with the global issues of truth, judgement and taste of the time. The desire to possess the freedom to act in accordance with one's belief and reflection strongly motivates the behaviour of the intellectual. That is why intellectuals often exist in a state of creative tension with the rules and restrictions imposed by the prevailing institutions on everyday life (Furedi, 2004:32), and "to feel and behave like an intellectual requires at least a mental distancing from the conventions and pressures of everyday affairs" (Furedi, 2004:33).

This is the ideal (idealistic?) view of the intellectual, the worker in the academic vineyard. What has become the reality, and how to reconcile, bring in balance, in healthy tension, these notions?

Furedi (2004:72) stel dat

> the devaluation of the status of the intellectual and the authority of knowledge has important implications for the conduct of public life. Intellectuals in the early twenty-first century have a modest input into public debate, and the public is certainly not preoccupied with a battle of ideas. Moreover, the subordination of knowledge to pragmatic objectives has helped foster an intellectual mood that is inhospitable to experimentation and the development of powerful ideas.

Ons moet dus begin om weer na te dink oor wat en hoe ons dinge doen. Tony Manning (2007) het 'n baie belangwekkende aanhaling gemaak uit *Conversation*, deur Theodore Zelden, naamlik dat "The really big scientific revolutions have been the invention not of some new machine, but of new ways of talking about things" – en ons moet nou alreeds weer terugstaan en nadink hoe ons oor dinge praat, anders kan ons nie die kwantumsprong maak wat nodig is nie. Brink verwys inderdaad ook na die nuwe rol van kennis, naamlik as 'n drywer van die ekonomie – in die sogenaamde kennis-ekonomie, voer hy aan, berus die welvaart van lande nie op wat 'n mens uit die grond grawe, wat 'n mens plant en oes, wat 'n mens in fabrieke maak nie, of wat 'n mens uitvoer nie – dit berus baie meer op die kennis in mense se koppe, en hoe om die kennis aan die werk te kry.

Die intellektueel binne die raamwerk van die nuutgevonde klem op die professies en die meer "professioneel-gedrewe" opleiding by universiteite kom noodwendig in die spervuur in hierdie konteks:

> Some of the structural changes associated with the decline of the traditional intellectual have been the growing impact of the market upon intellectual life, the institutionalization and the professionalisation of intellectual life, the growing power of the media and the erosion of public space for the exercise of autonomy ... it is doubtful that the ascendancy of professional authority has boosted the influence of the intellectual. The mental work of the professional is focused on the provision of services, not the promotion of ideas ... intellectuals are constituted through their relationship to society and the development of ideas. And whatever their occupations, it is not directly through their jobs that they exercise their roles as intellectuals. (Furedi, 2004:38-39.)

It has only been in the latter part of the previous century and the first part of the new century that the centuries-old way of doing academy has had to yield to irresistible forces from a changing world. It has been the lot of those universities not traditionally endowed with vast sums of money to have to adapt to the forces of business and assume the guise of businesses in order to survive and at least retain the heart of the time-hallowed activity of the university.[2] This has perhaps been the single most daunting adjustment that academics reared and nurtured in the time-hallowed tradition of the university they have had to face and accept.

Die spanning binne hierdie konteks is dan te vind binne die nuwe eise wat aan akademiese instellings gestel word, die plekke waar die intellek moet kan floreer en die meer mundane eise wat deur die mark en die politieke *umwelt* gestel word.

It has become, to the largest extent, essential to run a university, contrary to the traditional style, in line with business and management principles. This has caused the gravest concern and mistrust in colleagues – the rallying cry against managerialism is strident and cannot be ignored. For an institution that considers itself to be a university within a new and often uncharted territory it is crucial to convey the message that good management and good governance are not to be seen as ends to pursue for themselves, but as being

2 In this context Chris Brink made the remark that "a university is not a business, but it should be managed on sound business principles" (Botha, 2007:98).

means aimed at creating the enabling environment for academics to function and perform as optimally as is possible within the wider context we are all aware of.

Dit is dus noodsaaklik vir kollegas om te weet, te aanvaar en vertroue te hê daarin dat die goeie en effektiewe bestuur van alle middele (finansiële, strukturele en mensemiddele) nie ’n bedreiging of ’n potensiële ontneming van regte of vryhede is nie, maar juis ’n noodsaak is vir goeie funksionering. Dit is dan wat ’n mens kan weet: die feit dat die NWU die toekenning van ’n gedeelde eerste plek deur PWC vir goeie “university governance” ontvang het, is tog ’n objektiewe getuigskrif in die huidige hoëronderwyslandskap – en die klem op die NWU as bes bestuurde universiteit is nie ’n ontkenning van die aard van die universiteit nie, maar juis ’n openbare konstatering van die feit dat hierdie Universiteit erns maak met die daarstelling van die bemagtigende omgewing (*enabling environment*) wat nodig is vir akademici om in te kan gedy – in hierdie konteks sien ons die taakooreenkoms ook nie as ’n vorm van dwang nie, maar eerder as ’n instrument waardeur kollegas binne die Universiteitsomgewing kan groei en ontwikkel.

Now what to do to achieve the kind of lofty dream spoken about earlier? What to do in the face of dwindling state support, about poorly-prepared students in many instances, about economic exigencies constraining students from entering higher education, about difficulty in certain fields to attract and retain suitably qualified and suitably enthusiastic and committed staff?

Wat is dus toepaslik vir ons om oor te besin as dit kom by die uitdaging vir die intellektueel by die 21e-eeuse universiteit? Watter sake is toepaslik vir die akademikus, die intellektueel, om mee besig te wees as ’n mens wil seker maak dat die sogenaamde “dumbing down”[3] van die samelewing waarvan Furedi praat, en wat hy direk in verband bring met die verlaging van standaarde, nie plaasvind nie? Hoe skep ’n mens ’n omgewing waarbinne akademiese werk van intrinsieke waarde kan plaasvind, gegewe die reële finansiële en politieke beperkings op die arbeid van die intellektueel?

3 “Dumbing down is fuelled by powerful forces that treat knowledge and culture as merely the means for the realization of a wider and higher objective. It is an orientation that is defined by a dogmatic commitment to instrumentalism.” (Furedi, 2004:12.)

Terwyl ’n mens ter wille van die oorlewing van die universiteit dus noodwendig aangewese is op bepaalde finansiële en bestuurspraktyke (gemik op die skep van ’n *conducive environment*) moet ’n mens die essensiële nadenke oor die werk van die intellektueel nooit verwaarloos nie en ’n konstante selfkritiek aan die gang hou. Van kardinale belang in die nadenke is die rol van waardes in dit wat ons doen en laat – die rigtende effek van waardes eerder as reëls, wat ook bepaalde vergrype, soos wat in die onlangse verlede ontbloot is, moet help bekamp en onmoontlik maak.

Binne my taakooreenkoms is daar die opdrag om ’n aantal sogenaamde *think-pieces* te help skep, en ek wil by wyse van ’n projek konkrete aandag hieraan gee. Ek wil dus graag kollegas uitnooi om deel te word van ’n forum, om mee te skryf aan nadenke oor hierdie intrinsiek belangrike saak – ek dink aan die skep van ’n publikasie waarin hierdie gedagtes opgeneem kan word en waarin ons op enigsins georganiseerde vlak ons gedagtes bymekaarbring.

Waaroor moet ons reflekteer?

- Die universiteit as broeikas vir idees
- Die rol van die intellektueel vis-à-vis die professioneel
- Die devaluering van die status van die intellektueel
- Die kwessie van kennis in die konteks van waarheid (waarhede?)
- The celebration of excellence versus ordinariness
- Die universiteit as besigheid – is dit enigsins ’n toepaslike diskoers?
- Die kwessie van *managerialism*

Ek sou graag hierdie projek gereflekteer sien in bepaalde taakooreenkomste – vir die bestuur van die Universiteit is dit van kardinale belang om hierna te luister, maar as die stemme nie opklink nie, is daar nie iets om na te luister nie. Ons moet besluit of die Universiteit nog by uitstek die plek is waar mense dink en praat en dan doen, en indien nie, hoekom nie? En wat kan ’n mens daaraan doen?

Om my betoog aan die begin van die nuwe jaar mee af te rond, iets oor die (meer alledaagse!) sake wat spesiale aandag moet kry:

- Op ’n deurlopende basis bly ons besig met taakooreenkomste, en soos hierbo gesê, moet dit nie gesien word as dwang nie, maar eerder as ’n groei-instrument, wat dit vir kollegas moontlik maak

om juis die ruimte te skep om as intellektuele werkers te kan ontwikkel.

- Die kragsituasie op die kampus (en die hele land) bly kommerwekkend. Ons kan natuurlik nie juis veel vermag sonder om elektriese krag te hê nie (hoewel ’n mens natuurlik so saam met die vroeg gaan slaap en lekker gesellige verkeer in die familie dalk meer boeke by kerslig kan lees!). Die hantering van die kragprobleem op kampus is moeilik, en ons het ’n deurlopende kommunikasiekanaal hieroor geskep. Ons werk hard aan die daarstelling van alternatiewe nood(!!)bronne en u sal deurlopend ingelig gehou word. Dit is egter so dat ’n nuwe benadering tot die kragsituasie nodig is – besparing is nou ’n lewensfeit en ’n positiewe ingesteldheid sal heelwat doen om bloeddrukprobleme te voorkom. Kom ons kyk na voorstelle (en ons gaan ons eie kragmonitor hê om na te kyk in daardie tye wanneer die krag aan is ...)

Die Gesondheidsorgsentrum vir studente en dosente word reeds ’n werklikheid met die aanstelling van personeel (senior verpleegkundiges en ’n baie bekwame maatskaplike werker wat veral kan help met sake van ’n sosio-ekonomiese, patologiese oorsprong).

Die verwagting is dat die institusionele bestuur na die ou ENAN-gebou verskuif, en dat die Joon van Rooygebou uiteindelik die tuiste van die PUK-kampus se bestuur word. Hieroor sal meer met verloop van tyd gekommunikeer word. Verskillende moontlikhede van “hervestiging” is reeds ondersoek en word oorweeg – alles binne die konteks van ordentlike beplanning – nie net vir die korttermyn nie, maar ook vir die langer termyn.

Die amfidak maak ’n mens al amper bygelowig – ’n mens wil nie daaroor praat nie, maar ons het goeie hoop dat dit ook afgehandel gaan raak, sodat ’n mens nie altyd moet hoop dit reën darem nou net nie vandag nie (die boere het immers die reën nodig!).

Die Loopbaansentrum vir studente word ook nou ’n realiteit en kan begin voorsien in ’n ou behoefte. Meer hieroor sal mettertyd bekendgemaak word.

Wat meer spesifieke, veral akademiese sake betref, kan genoem word dat ons bly kyk na verbeterde onderrig- en assesseringsbenaderings en -metodes. Die deurlopende assessering het nog allerhande haakplekke, maar is so ferm geanker binne die konteks van verantwoordelike uitkomsgebaseerde onderrig, dat ’n mens dit

nie sommer kan vervang met iets anders nie. Ons kyk dus na verfyning van die prosesse.

Die implementering van die nuwe navorsingsentiteitemodel wat in die loop van 2007 ontwikkel is, is ’n baie opwindende ontwikkeling, en behoort werklik nuwe stukrag aan ons navorsingsuitsette te gee. Met die aanhoudende groei die afgelope paar jaar het die vrees begin ontstaan dat ons dalk ’n plato kan begin bereik. Dit is ’n tydige ingreep om te help bou aan nuwe stukrag en potensiaal.

Ons voorsien ook veral hierdie jaar ’n nuwe verkorte begrotingsproses wat hopelik nie so baie mense so lank gaan besig hou nie – ons wil graag eers in Mei begin en in Augustus klaarmaak met ’n proses wat ons oortuig is, nou reeds so volwasse is dat dit met gemak deur kollegas teen ’n baie vinniger tempo afgehandel kan word.

Uiteindelik, soos nog altyd, bly my wens vir kollegas om ’n vervullende werksomgewing te hê en die bestuur bly daarop ingestel om dit te help vermag. Dit is die enigste manier om te help dat mense wat hier werk ook hulle roeping met blymoedigheid kan vervul.

Geluk aan almal wat langdienstoekennings ontvang, sterkte aan almal wat hierdie jaar so hard gaan werk, en mag dit nie alleen vervullend wees nie, maar ook pret!

## Geraadpleegde bronne

BOTHA, A., *ed*. 2007. Chris Brink: anatomy of a transformer. Stellenbosch: Sun Press.

FUREDI, F. 2004. Where have all the intellectuals gone? London: Continuum.

MANNING, T. 2007. Presentation to NWU senior management during training course. Potchefstroom.